



Sirkels

Hierdie boek behoort aan









bookdash.org

Every child should own a hundred books by the age of five. To that end, Book Dash gathers creative volunteers to create new African storybooks that anyone can freely print, translate and distribute. Then we work with partners to give those books to preschool children to own.

To find out more, and to download beautiful, open-licensed, print-ready books, visit bookdash.org.

Sirkels

(Circles)

Illustrated by Patrick Latimer

Written by Alex Latimer

Designed by Gordon Latimer

Translated by Nal'ibali

with the help of the Book Dash participants in Cape Town on 2 December 2017.

ISBN: 978-1-928497-17-2

This work is licensed under a Creative Commons Attribution 4.0 Licence
(<http://creativecommons.org/licenses/by/4.0/>).

You are free to share (copy and redistribute the material in any medium or format) and adapt (remix, transform, and build upon the material) this work for any purpose, even commercially. The licensor cannot revoke these freedoms as long as you follow the following license terms:

You must give appropriate credit, provide a link to the license, and indicate if changes were made. You may do so in any reasonable manner, but not in any way that suggests the licensor endorses you or your use. No additional restrictions: You may not apply legal terms or technological measures that legally restrict others from doing anything the license permits.





Sirkels



Alex Latimer

Gordon Latimer

Patrick Latimer





'n Jong aasvoël woon saam met sy ma
teen 'n krans.





Toe hy oud genoeg is om te vlieg, neem sy ma
hom hoog in die lug op en hulle sirkel saam terwyl
hulle die grond onder hulle dophou.


“Ek wil vir jou iets wys wat baie mooi is,” sê sy vir
haar seun.





Hulle sien 'n ou
gemsbok wat in die hitte
voortstrompel. “Kyk daar.
Daardie gemsbok gaan nie
lank hou nie.”





En die bok sak sowaar net daar
inmekaar en gaan dood.





Die twee aasvoëls vlieg af grond toe. “Dis
nie mooi nie,” sê die jong aasvoël vir sy ma.
“Dis aaklig!”





“Ek weet,” sê sy ma. “Die dood is baie swaar en baie hartseer. Maar dit is ook baie mooi.”

“Nooit gesien nie,” sê die jong aasvoël.
“Sies.”






“Wag maar,” sê sy ma. “Ons kom binnekort terug hierheen en dan sal jy sien.”





Die volgende week gaan kyk hulle weer na die dooie bok. Sy geraamte is nou skoon en wit, en klein plantjies begin tussen die bene opkom.







Die week daarna het die lote opgeskiet
en begin blom. 'n Skoenlapper fladder
om die blomme en 'n duisendpoot rus in
hul skaduwee.







'n Week later pluk 'n paar vinke die blare
om 'n nes mee te bou. Bye versamel
stuifmeel van die bloeisels. En 'n spinnekop
het haar web tussen die bok se
horings gespin.







En die week daarna sien hulle 'n jong
gemsbok wat aan die sappige lote knibbel.








“Wel?” sê die aasvoël se ma. “Kyk na die lewe wat een bok gegee het. Hy het vir ’n spinnekop ’n blyplek gegee en vir die vinke ’n nes, hy het die bye en skoenlappers gevoed, vir die duisendpoot skuiling gebied en die volgende geslag bokke sterk gemaak.”

Die jong aasvoël glimlag.









Die twee aasvoëls vlieg terug na hul nes
hoog bo teen die krans.







“Dis nie net ons liggame wat agterbly
wanneer ons doodgaan nie,” sê die
aasvoëlma. “Ons laat ook ons lesse en
ons liefde en ons herinneringe agter.”





“Waar los ons al
daardie dinge?” vra
die jong aasvoël.





“Ons laat dit in ons kinders en in ons familie
en vriende agter. Jy is reeds my groen
lappie aarde, Klein Aasvoël. En jy sal dit
altyd bly.”







